SAALPERD AFDELING

Alles in Engels is uitgetrek uit die SA Reelboek.
HR staan vir ‘n uittreksel uit die Namibiese huishoudelike reels.

TEELKLASSE

1. Tack requirements

Bridles – WEANLINGS and YEARLINGS are shown in a leather show halter with coloured brow-band and leading rein.

TWO YEAR OLDS may be shown in a leather show halter with coloured brow-band and leading rein or single or double show bridle.

THREE YEAR OLDS and OVER must be shown in a single or double show bridle with coloured brow-bands and nosebands. Either a snaffle or curb bit or snaffle and curb bit are used.

2. Dress requirements and rules for handlers

There may be 2 handlers per entry. Handlers must be neatly dressed in long pants. Preferably the exhibitor and handler must be dressed the same.
The handler at the tail may carry a whip with tassel only. Stud names may not be displayed on handlers clothing or on the entry in any way.

HR: Vertoners en helpers moet netjies geklee wees in ‘n langbroek, langmouknoophemp en das.

PERDE IN RYKLASSE EN TUIGKLASSE

Alle perde word vertoon met ’n dubbeltoom en ’n ”toptail”, of indien die stert gesny is, ’n ”brace” en switch.

Natuurlike maanhare en stert-klasse word vertoon met die natuurlike maanhare en stert. Indien die perd in hierdie klas gekwalifiseer het om deel te neem aan die Grootkampioenskappe, moet die perd wel geskou word met ’n ”toptail”.

Vyfgangperde, siertuigperde en enkeltuigperde skou met quarterboots of bell boots.

Junior en nuwelings perde skou ook met ’n dubbeltoom. Martingales sal slegs in in die onder 8 en onder 10 kinderklasse toegelaat word.

Perde met maanhare moet ’n lint ingevleg he.

Tuigklasse:

Traces mag nie rondom disselboompype gedraai wees nie, dit mag wel met ”insulation tape” vasgedraai word aan die disselboompype. Handvatsels op teuels is opsioneel, maar verpligtend in damesklasse en kinderklasse.

RUITERS IN RYKLASSE

Alle ruiters moet geklee wees in ’n netjiese skoon ”Kentucky riding suit”, wat bestaan uit ‘n langbroek, knoophemp, das, onderbaadjie en lang baadjie. Hoede moet netjies wees, geen ”cowboy hats” of enige ander kleurvolle ”large bowls” ens nie. Kinders onder 8 en onder 10 jaar mag skou in ‘n netjiese langbroek, langmoutoeknoophemp, onderbaadjie en das.

Netjiese ryboots of skoene wat pas by die rypak, geen tekkies, vellies of cowboy boots nie.

Handskoene is opsioneel.

‘n Peits is opsioneel.

Spurs is opsioneel.

RUITERS IN RUITERKUNSKLASSE

Alle ruiters moet geklee wees in ’n netjiese skoon eenkleurige ”Kentucky riding suit”, wat bestaan uit ‘n langbroek, knoophemp, das, onderbaadjie en lang baadjie. Hoede moet netjies wees, geen ”cowboy hats” of enige ander kleurvolle ”large bowls” ens nie. Kinders onder 8 en onder 10 jaar mag skou in ‘n netjiese langbroek, langmoutoeknoophemp, onderbaadjie en das.

Netjiese ryboots of skoene wat pas by die rypak, geen tekkies, vellies of cowboy boots nie.

Handskoene is verpligtend

‘n Peits is opsioneel.

Spurs is opsioneel.

VERTONERS IN TUIGKLASSE

Netjiese drag soos vir ruiters van ryklasse. Die baadjie hoef nie die lang rybaadjie te wees nie, maar moet van so aard wees dat dit netjies en lank vertoon ook van agteraf.

Dames mag netjiese rokke aantrek, soos gepas by die tyd van die dag wat die klas plaasvind. Dames mag ‘n hoed dra wat by hul uitrusting pas.

Geen “cowboy hats” of enige ander groot kleurvolle hoedens nie.

PLESIERPERD AFDELING

RUITERS IN RYKLASSE

Alle ruiters moet geklee wees in ‘n netjiese langbroek,langmouknoophemp onderbaadjie en das. Netjiese skoene wat pas by die rydrag, geen tekkies, vellies of cowboy boots nie. Hierdie dragkode geld vir die kinderklasse ook.

PERDE IN RYKLASSE

Perde word vertoon in driegang-klasse. Dit is ‘n platvoetstap, draf en gallop.

Alle perde moet skoon en netjies vertoon word.

Maanhare en sterte so natUurlik as moontlik, maar skoon en netjies.

Alle onooglike klosse hare op bene moet kort en netjies geskeer of gesny wees.

Kuif van perd kan gesny wees tot net agter die ore, maar is nie verpligtend nie.

‘n Gewone donker netjiese toom met ‘n martingale mag gebruik word.

Geen hackamores of halters word toegelaat nie.

Geen western saals of Australian stockman saals ens in gewone ryklasse word toegelaat nie.

‘n Gewone plat Engelse saal of spring saal is verkieslik.

Gewone ysters met kort netjiese hoewe. Netjies hoewe sonder ysters is toelaatbaar, maar geen ooglopend gebreekte hoewe.

WESTERSE KLASSE

Ruiters moet geklee wees in westerse drag. Dit sluit in die hoed, bootse, hemp en broek. Western chaps kan gedra word, maar is nie ‘n vereiste nie. Geen Engelse rydrag of ander is toelaatbaar nie.

Alle tack moet western wees. Western saal, western bit en western toom. Geen gewone tooms, gewone bits of gewone saals is toelaatbaar nie.

Perde sal gevra word om te stap, draf, ”lope” en om 3 tree te kan agteruitstap.